AFVAL-OPTELDAE

KNYSNA	
Maandag:	Concordia, Bongani, Kanonkop, Dam-se-Bos, Edamini Qolweni, Robololo, Witlokasie, Flenters, Greenfields, Knoetzie, Heuwelkruin, Hornlee-West, Punt, Tannenhof, Welbedacht, Paradise, Knysna Heights, Eastford Downs, Brenton-on-Lake, Brenton-on-Sea
Dinsdag:	Concordia, Bo-Dorp, Jood-se-Kamp, Nekkies, Ou Pad, Entambeni, Hlalani, Hornlee East, Green Pastures, Eastford Country Estate, Eastford Glen
Woensdag:	Costa Sarda, Fisher Haven, Hunters Home, Rexford, Onderdorp, Sparrebosch, Pezula, Thesen's Island
Donderdag:	Industrial Area, Leisure Island, The Heads, Khayalethu
Vrydag:	Ouplaas, Belvidere, Westford
SEDGEFIELD/RHEENENDAL EN OMGEWING	
Maandag:	Groenvlei-area
Dinsdag:	Sedgefield Central, Bibbeyshoek, Rheenendal
Woensdag:	Sedgefield Island, Smutsville-area
Donderdag:	Karatara
Vrydag:	Zeegezight, Ultbreidings 3 en 4, Cola- en Myoli-strande

VOLG ONS OP TWITTER

@KnysnaMuni

GEBEURTENISSE

Sou jy weet van enige feeste of gebeurtenisse wat nie hier verskyn nie, of vir meer inligting op enige van die feeste en gebeurtenisse wat hieronder gelys is, skakel asseblief die Knysna Toerismekantoor by 044 382 5510.

28 JUNIE–7 JULIE

Knysna Oyster Festival – www.oysterfestival.co.za

22 JULIE–1 AUGUSTUS

Rastafarian Earth Festival – www.rastaearthfestival.co.za

9–11 AUGUSTUS

Southern Cross 3-day Trail Run – www.southerncrossadventure.co.za

Ross Taylor Benefit Surf Contest – facebook.com/rosstailorsurfcontest

19–21 SEPTEMBER

Dr Evil Classic 3 Day Stage Race – http://drevilclassic.com

22 SEPTEMBER

Karoo to Coast Mountain Bike Challenge – www.karootocoast.com

24–29 OKTOBER

Knysna Woodworkers Festival – knysnawoodworkers.co.za/2013-festival

NOODNOMMERS

KNYSNA POLISIE	10111 of 044 302 6600
SEDGEFIELD POLISIE	10111 of 044 343 1321
KNYSNA MUNISIPALITEIT	044 302 6300
BRANDWEER	alle ure 044 302 8911
ELEKTRIESE DEPARTEMENT	044 384 0422
SEE-REDDING	044 384 0211
KNYSNA PROVINSIALE HOSPITAAL	044 382 6666
KNYSNA PRIVAAT HOSPITAAL	044 384 1083
ER24	084 124
ER24 KNYSNA-BEMANNING	083 320 1199
AMBULANS	0800 22 5599

HEADLINES

Junie 2013

KNYSNA
Municipality Munisipaliteit uMasipala

EERSTE GOP HERSIENING AMPER VOLTOOI

Die brandweerstasie in Concordia was as 'n prioriteit in die munisipaliteit se GOP-proses geïdentifiseer. Uitvoerende Burgemeester Georlene Wolmarans het die stasie in Desember verlede jaar offisiëel geopen.

Die eerste jaar-hersiening van die derdegenerasie Knysna Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is amper voltooi ná afloop van 'n reeks publieke deelname-vergaderings wat in die tien wyke in Knysna se munisipale gebied plaasgevind het.

Knysna Munisipale Bestuurder Lauren Waring sê die doel van die GOP, wat verlede jaar vir 'n vyf-jaar periode vanaf 2012 tot 2017 goedgekeur is, is om ontwikkelingsbehoeftes en prioriteite in elke wyk te identifiseer.

"Elke jaar van nou af word die GOP hersien om die status van geïdentifiseerde projekte van die vorige jaar te bepaal asook om seker te maak dat ander projekte wat nog gedoen moet word nog relevant en prioriteit is. Soos wat wyke en omstandighede verander, mag nuwe projekte geïdentifiseer word wat dalk meer dringende aandag nodig het as die wat voorheen geïdentifiseer was."

Me Waring het plaaslike inwoners wat die vergaderings bygewoon het bedank. Die vergaderings het in April en Mei plaasgevind en het oor die algemeen goed gegaan. "Ons verwelkom die feit dat gemeenskappe al hoe meer betrokke raak in die ontwikkeling van ons gebied. Dit is belangrik dat inwoners verstaan dat die GOP-proses aan die munisipale begroting verbind is en dat kapitaal- en operasionele projekte wat op die GOP is 'n beter kans het om op die grond 'n werklikheid te word.

"Die publiek het aan ons hulle behoeftes in terme van ontwikkeling vertel en hierdie sal nou oorweeg word en moontlik op die GOP-projektelys geplaas word. Projekte wat moontlik nie geskik vir hierdie proses is nie kan dalk op ander wyses aangespreek word soos deur middel van die jaarlikse raadsgebaseerde begroting.

BOODSKAP VAN DIE BURGEMEESTER

Georlene Wolmarans

Winter mag dalk nie almal se gunstelingseisoen wees nie, maar vir die Knysna Munisipaliteit is dit 'n tyd van nuwe dinge. Die finansiële jaar begin op 1 Julie en daarmee saam 'n nuwe begroting en projekte.

Ten tye van hierdie uitgawe se spertyd, was die 2013/2014 begroting besig om gefinaliseer te word, en dus is daar nog nie veel wat ek hieroor kan sê nie. Kyk egter uit vir 'n spesiale uitgawe van Headlines wat in Julie sal verskyn – die basiese uitleg van die begroting sal daarin verduidelik word.

Winter is natuurlik ook Oesterfeestyd en ek moedig alle inwoners aan om dit as 'n tyd van ekonomiese inspuiting te verwelkom in 'n tyd wat andersins maar bleek sou wees het. Ek bedank by voorbaat al die munisipale personeel wat gedurende hierdie tyd van die jaar regtig baie hard werk. In die verlede was daar gereeld kommentaar gelewer oor jul wonderlike gesindheid en bereidwilligheid om te help by die fees, en ek waardeer die bydrae wat julle tot die wonderlike atmosfeer en goeie beeld van ons dorp maak.

In hierdie nuusbrief is uittreksels van die toespraak wat ek gedurende die Vryheidsdag-feesvierings in April gemaak het. Dit vra inwoners om deel te word van die oplossing en om meer te doen as net te kla. Ek vra dat u hierdie woorde sal oorweeg en 'n besluit sal maak om u vaardighede, talente, kennis en ondervinding tot die verbetering van ons gemeenskappe te gebruik.

Dit is tyd dat ons ons hulpbronne bymekaar gooi sodat die relatief min was ons kry so ver as moontlik kan gaan.

Neem asseblief kennis dat die spesiale uitgawe van Headlines wat in Julie verskyn die laaste sal wees wat saam met belastingbetalers se rekeninge gestuur sal word. Die munisipaliteit hou aan om deur middel van die maandelikse nuusbrief, Council News, te kommunikeer wat in Action Ads en The Edge gepubliseer word. Hierdie nuusbrief is ook op ons webtuiste beskikbaar by http://www.knysna.gov.za/information-centre/media/newsletters/

STORMWATER- EN RIOOL-AANSLUITINGSOUDIT ONDERWEG

'n Deur-tot-deur oudit van Knysna se stormwater- en rioolaansluitings het einde-April begin. Die oudit is 'n sleutelprojek binne die voortgaande Knysna Strandmeer Besoedeling Aksieplan, wat deur die munisipaliteit saam met ander rolspelers begin is om besoedeling in die Knysna-strandmeer te verminder.

Knysna Munisipale Bestuurder Lauren Waring, wie ook die voorsitter van die Knysna Strandmeer Besoedeling Beheer Komitee is, sê die oudit is daarop gemik om onwettige stormwater- en rioolaansluitings te identifiseer en te korrigeer asook om die algemene status van hierdie sisteme in en om die dorp te bepaal.

"Tydens die samestelling van die Strandmeer-aksieplan was die stormwatersisteem as een van die hoofbronne van besoedeling in die strandmeer geïdentifiseer. Dit was hoofsaaklik omdat onwettige rioolaansluitings in die stormwatersisteme inloop, asook as gevolg van onwettige aansluitings van swembadpompe en reënwaterafloopppype wat verkeerdelik aan die stormwater verbind is.

"Aangesien die Tuinroete 'n heeljaar reëngebied is wat met tye besondere hoë hoeveelhede reën op 'n slag kry, kan stormwateropeenloping in beboude gebiede baie hoog wees. Gebaseer op die hoeveelheid water wat by die rioolwerke uitkom, loop tot sewe keer meer water in die rioolsisteem in as wat veronderstel is om die geval te wees. Die baie ekstra water veroorsaak dan dat die rioolsisteem oorloop," sê Me Waring.

Die eerste fase van die oudit was in en om sentraal-Knysna gekonsentreer en het die gebiede van Paradise, Heuwelkruin, die Knysna sentrale besigheidsgebied, Leliekloof, asook die residensiële gebiede bo die Knysna besigheidsgebied en Witlokasie ingesluit.

Opname-personeel - wat deur 'n persoon wat die eiendom besit of bewoon begelei sou word - het die besonderhede van al die water- en rioolaansluitings op 'n voorafbepaalde opnamevorm ingevul. Huise en persele waarvan alle aansluitings wettig en in orde was, was afgeteken. Verkeerde en onwettige aansluitings was geïdentifiseer en die eienaar het 'n lys van korreksies, wat aangebring sou moes word om volgens die betrokke verordenings wettig te wees, gekry. Dit was van die eienaar verwag om binne drie weke vanaf die kennisgewing die onwettige aansluitings reg te maak, indien nodig met behulp van 'n loodgieter.

Personeel het eiendomme wat die eerste keer nie wettig was nie, weer sowat drie weke later besoek. Persele waar aansluitings gekorrigeer was, was afgeteken. Eienaars wat steeds nie ná die drieweekamnestie aan die wetsvereistes voldoen het nie, sou boetes volgens die verordeningboetelys onvang het. Die ouditpersoneel sou waar van toepassing deur wetstoepassingoffisiere vergesel word, wie dan dadelik boetes sou kon uitreik. Boetes wissel van R750 tot R1 5000 afhangende van die oortreding.



Indien daar geen persoon op 'n perseel was wanneer ouditpersoneel die eiendom besoek het nie, sou daar 'n vorm agtergelaat word waarin daar vir 'n afspraak gevra was sodat dit geïnspekteer kon word.

Me Waring het alle inwoners en besighede versoek om met ouditpersoneel saam te werk, en om alles moontlik te doen om te verseker dat stormwater- en rioolaansluitings wettig en korrek is. "Die regmaak van stormwateraansluitings in sentrale Knysna sal die impak op die Knysnastrandmeer heelwat verminder. Dit is 'n manier waarop elke inwoner direk tot die langtermyn-volhoubaarheid van ons dorp kan bydra. Die feit is dat ons dorp baie afhanklik van die gesondheid van die strandmeer is, en aan die einde van die dag is dit elke individu en besigheid se verantwoordelikheid om tot die dorp se sukses by te dra," het sy gesê.

Die Stormwater- en Rioolaansluitingsoudit word namens die munisipaliteit deur konsultante Royal HaskoningDHV uitgevoer. Ouditpersoneel is vir sekuriteitsdoeleindes

versigtig gekeur en was in die nodige tegniese vereistes opgelei. In sekere gevalle waar dit nodig geag was, het wetstoepassingsoffisiere ouditpersoneel vergesel.

Oudituitlae en verwante aksies word gereeld aan die Raad gelewer en, waar nodig, aksie geneem word. Navrae kan aan die konsultante by 044 302 4900 gerig word.

Persverklarings en inligting oor die Knysna Strandmeer Besoedeling Aksieplan kan by www.knysna.gov.za/lagoon/ afgelaai word.

NUWE DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE

Die Knysna Munisipaliteit het Mnr Bevan Ellman in Maart as nuwe Direkteur Korporatiewe Dienste aangestel.

Mnr Ellman vul die posisie wat voorheen deur Mnr Reggie Smit beklee was. Mnr Smit se kontrak met die munisipaliteit het die einde van verlede jaar ten einde geloop.

Mnr Ellman is oorspronklik van Oudtshoorn en het 'n BSc-graad in Inligtingstegnologie (IT) en Operasionele Navorsing (Stellenbosch). Hy het ook 'n honneursgraad in Publike Administrasie (Stellenbosch) en bestuurskwalifikasies van die Nagraadse Besigheidskool van die Universiteit van Kaapstad en die Besigheidskool van die Universiteit van Stellenbosch.

Tot en met sy aanstelling in Knysna het hy by die Hessequa Munisipaliteit in Riverdal gewerk waar hy verskeie posisies insluitende Hoof van Verskaffingsbestuur, IT-bestuurder en Bestuurder Korporatiewe Dienste beklee het. Sy mees onlangse pos was as Bestuurder IT en Strategiese Monitering wat hom vir strategiese beplanning en monitering van die munisipaliteit en dié se werkverrigting asook van wetsvoldoening, Operasie Skoon Oudit en alle verslaggewing verantwoordelik gemaak het.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste is verantwoordelik vir die administratiewe prosesse wat goeie regering en die Raad se strategiese doelwitte nastreef. Die direktoraat sluit die departemente Administrasie, Menslike Hulpbronne, Regsdienste, Eiendom, Rekords en Publieke Deelname in.

R630 000 VIR PLAASLIKE WELSYNORGANISASIES

Die Knysna Munisipaliteit het in Maart R630 000 aan 40 welsynsorganisasies in sy munisipale gebied geskenk. Die donasies vorm deel van die munisipaliteit se Grant in Aid-program wat reeds vanaf 2007 in werking is. Welsynorganisasies doen jaarliks aansoek en fondse word toegeken op grond van kriteria wat insluit die grootte en aard van die organisasie, die doel van die fondse en of die organisasie wettiglik geregistreer is. In hierdie foto oorhanding Uitvoerende Burgemeester Georlene Wolmarans 'n tjek aan Wilf Jonckheere, 'n verteenwoordiger van Masithandane in Sedgefield.

KNYSNA BURGEMEESTER VRA INWONERS OM HUL DEEL TE DOEN

Die Uitvoerende Burgemeester vir Knysna, Raadslid Georlene Wolmarans, het op inwoners beroep gedoen om deel van die dorp se oplossing te word en om 'meer te doen as net te kla.'

Me Wolmarans het tydens Vryheidsdagfeesverrigtings by die Hornlee Sportgronde op 27 April aan feesgangers gesê dat sy besef dat dit soms frustrerend kon wees wanneer dinge nie werk soos wat mense verwag het nie, maar dat daar dikwels dinge is wat individue kon doen om die probleme op te los.

"Soveel as wat die Staat die oplossing vir al die land se dinge will wees, is die realiteit dat ons dan dalk vir 'n baie lang tyd sal moet wag. In Knysna will ons nie wag tot iemand ons lot bepaal nie. En, alhoewel die Knysna Munisipaliteit alles in sy mag sal doen om so effektief en doeltreffend as moontlik op sy mandaat te lewer, is daar 'n verskeidenheid uitdagings wat dit soms moeilik maak om net die basiese gedoen te kry.

"Maar ek wil bysê dat ek glo dat die mense van Knysna hulle eie oplossing kan wees. Ek glo ons kan saamwerk om ander maniere te vind om die werk gedoen te kry. U as lede van die gemeenskap is in die beste posisie om praktiese oplossings te vind vir die klein en groot uitdagings wat ons gemeenskappe elke dag beleef. Omdat u elke dag deur strate loop en met mense praat, sien u dalk iets of ontmoet u dalk iemand wat miskien net die regte plan of hulpbronne het.

"Wanneer u met 'n goeie idee opkom, noem dit vir u raadslid. Hy of sy weet dalk net van iemand anders wat tot die proses kan bydra. Indien u 'n spesifieke talent het of indien u iemand kan help, laat die mense om u en u raadslid weet. Elke bietjie hulp en gewilligheid kan 'n verskil maak.

"Indien ons dit kan regkry om ons persepsies van die Staat te verander, het ons 'n beter kans om die skip om te draai. Dit beteken nie dat ons moet ophou om dit wat verkeerd is uit te wys nie, maar dit is definitief tyd dat ons meer doen as net kla.

"Natuurlik, op die mees eenvoudige vlak is dit elke gemeenskapslid se verantwoordelikheid om vir die dienste wat hy ontvang te betaal. Indien ons almal ons hulpbronne saamgooi, is ons almal in 'n baie beter posisie om daaruit voordeel te trek," het Me Wolmarans gesê.

Sy het ook 'n spesiale boodskap gehad aan 'vrygeborenes' - mense wat in 1994 gebore is en dus hul eerste geleentheid gaan kry om volgende jaar te stem. "Ek moedig julle aan om te gaan registreer en op Stemdag te gaan stem. So word julle deel van Suid-Afrika se geskiedenis, en julle wense ten op sigte van regering word bekend."

Me Wolmarans het die ouer generasie aangemoedig om aan te hou stem, al voel dit soms nie asof hulle lewens veel vanaf 1994 verbeter het nie. "U mag dalk voel dat u stem nie 'n verskil kan maak nie, maar wat as u stem die een is wat al die verskil maak? Ons weet dat die kompetisie in die Wes-Kaap baie sterk is…en selfs een stem mag die skaal in die een of die ander party se kant swaai.

"Ek vra ook dat u in die regering van u dorp deelneem deur middel van u raadslid, raadskomitee asook publieke deelname-prosesse soos die GOP-vergaderings. Raadslede en raadskomitees was ingestem om u gemeenskap te verteenwoordig. Praat met hulle oor u behoeftes en rapporteer aan hulle dinge wat u bekommer," het Me Wolmarans gesê.

VRYHEIDSDAG

Die Knysna Munisipaliteit het 'n musiek-en vermaaklikheidsdag by die Hornlee Sportvelde gehou om Vryheidsdag op 27 April te vier.

Die program is deur 'n parade geopen wat trompoppies van Sundridge Primêre Skool, Knysna-seekadette, die munisipaliteit se veiligheidsdienste en die St James Brigade-orkes ingesluit het.

Heelwat plaaslike groepe het die skare met musiek, drama en sang vermaak.

Die munisipalieit het ook 'n poësiekompetisie gehou wat deur 'n onafhanklike inskywer, die 10-jarige Jocelyn Holton van Knysna, gewen is.

Hierdie is die laaste standaard uitgawe van Headlines, die belastingbetalers se nuusbrief wat gewoonlik kwartaaliks saam met u munisipale rekening uitgegee word. Die munisipaliteit gaan voort om met die maandelikse nuusbrief, Council News, te kommunikeer wat in die Action Ads en The Edge gepubliseer word. Dit is ook op ons webwerf beskikbaar by http://www.knysna.gov.za/information-centre/media/newsletters/

AANMELDINGS EN KLAGTES

So u wil dinge hierrond gedoen kry, reg?

Om seker te maak dat u op die vinnigste manier moontlik gehelp word, begin deur die volgende departmente te kontak:
Skakelbord: 044 302 6300
Brand- en Reddingsdienste alle ure: 044 302 8911
Water- en Rioollekplekke kantoorure: 044 302 1614
Vulisverwydering kantoorure: 044 302 6405
Elektrisiteit kantoorure: 044 384 0422
Paaie en Stormwater kantoorure: 044 302 1601
Parke en Tuindienste kantoorure: 044 302 6327
Rekeningnavrae kantoorure: 044 302 7720/1
Sedgefield kantoorure: 044 343 1640
Belvidere, Buffelsbaai, Rheenendal, Brenton kantoorure: 044 302 6501

Alle na-ure aanmeldings: 044 302 8911

Wanneer u 'n probleem aanmeld, verskaf asseblief u naam en kontakbesonderhede sodat ons kan opvolg indien nodig. Beskryf u probleem en gee die presiese adres waar die probleem is.

Volgens die Knysna Munisipaliteit se Dienshandves, kan u redelik verwag om reaksie soos volg te kry:

Diens:	***Reaksie vanaf tyd by korrekte departement gerapporteer of aansoek gedoen:***
Rekeninge:	*10 werksdae, indien van toepassing, korreksies voor volgende werkbare rekeningsiklus*
Brande en noodgevalle:	*15 – 20 minute in dorpsgebiede*
Rioolverstoppings	*3 ure, enige herstelwerk 3 dae vanaf noodaksie (afhangend van aankoopproses)*
Dreinering van rioolputte	*24 uur*
Waterlekke	*3 ure, enige herstelwerk 2 dae vanaf noodaksie (afhanklik van aankoopproses)*
Vullisverwydering	*Weekliks volgens skedule*
Onvoorsiene kragonderbrekings	*2 – 24 uur afhangende van die situasie*
Stukkende straatbeligting	*7 – 10 dae*
Standaard elektrisiteitsherverbindings	*2 dae*
Grassny	*Volgens maandelikse skedule*

Indien u nie binne die bogenoemde Dienshandves-stipulasies reaksie kry nie, moet u eers weer die relevante departement skakel om seker te maak of daar nie 'n redelike verduideliking vir die oponthoud is nie, en vra dan wanneer u van hulle kan verwag om na u verslag om te sien.

U aanmelding kwalifiseer om verder deur die kliënteverhoudingsdepartment ondersoek te word indien die betrokke diensdepartemente nie 'n redelike verduideliking vir die oplossing van u probleem kan verskaf nie. U kan so 'n klagte rapporteer deur 44453 te SMS (normale SMS-kostes geld) of om 'n epos aan customer@knysna.gov.za te stuur of 044 302 6594 te skakel.

NUWE BESTUURDER ADMINISTRASIE

Die Knysna Munisipaliteit het Mnr Carl Mattheus as Bestuurder Administrasie aangestel. Hy vul die pos van Mnr Johan Roux wie aan die einde van verleed jaar afgetree het.

Munisipale Bestuurder Lauren Waring sê die munisipaliteit is bevoorreg om voordeel uit Mnr Mattheus se kundigheid te kan trek aangesien hy reeds meer as drie dekades se ondervinding in plaaslike regering het. "Mnr Mattheus se kennis sal die funksionering van ons organisasie net verder bevoordeel."

Mnr Mattheus het in Krugersdorp grootgeword en tersiêre kwalifikasies by die Universiteit van Pretoria en Unisa behaal. Sy 33-jaarlange loopbaan in agt verskillende munisipaliteite sluit meer as 18 jaar se ondervinding in topbestuur in. Voor sy aanstelling by die Knysna Munisipaliteit was hy Direkteur Korporatiewe Dienste by Bitou.

HOOFBIBLIOTEEK VERSKUIF EN R5-MILJOEN SE UITBREIDINGS BEGIN

Knysna se Hoofbiblioteek het in Maart in 'n tydelike perseel in Woodmill Walk-sentrum in Longstraat ingetrek sodat uitbreidings en opgraderings van R5-miljoen aan die huidige gebou kon begin.

"Ons is baie opgewonde dat die uitbreidings aan hierdie noodsaaklike hulpron uiteindelik aan die gang is. Daar is 15 skole wat deur hierdie biblioteek gedien word en ons kinderafdeling in besonder sal geweldig uit die 460m² se toevoegings baat," het Waring gesê.

Die uitbreidings word deur R4,4-miljoen uit die nasionale Munisipale Infrastruktuur-toekenning (MIG) befonds en die res word deur die Knysna Munisipaliteit betaal.

Die Hoofbiblioteek sal vir sowat tien maande vanuit die Woodmill Walk-sentrum (die ou Edgars-gebou) bedryf word tot en met die werk aan die Hoofstraatgebou voltooi is, en sal dus in die eerste kwartaal van volgende jaar weer aan daardie kant oopwees.

"Ons maak verskoning vir enige ongerief wat gedurende hierdie periode van opgraderings veroorsaak mag word, en vra inwoners en gereelde biblioteekgebruikers om saam met ons vas te byt. Die eindresultaat sal 'n pragtige opgeknapte en uitgebreide biblioteek wees wat ons gemeenskap en sy kinders vir lank in die toekoms sal dien," het Waring gesê.

Die kontaknommers vir die Hoofbiblioteek in Woodmill Walk is 044 302 6308 en 044 302 3212.

Die goed-beligte kinderafdeling van die tydelike biblioteek in Woodmill Walk-sentrum is op weeksmiddae baie gewild.

`N NUWE DOEL VIR `N OU GEBOU

Knysna Uitvoerende Burgemeester Georlene Wolmarans het in April die nuwe toilette by die Karatarabegrafplaas offisiëel geopen. Sy is hier saam met Raadslid Louise Hart, plaaslike wykskomiteelid JJ Meyer (links) en kontrakteur Pieter Meyer.
Foto: Desmond Scholtz

Baie jare gelede is 'n klein geboutjie in die Karatarabegrafplaas vir die uitlê van liggame gebruik. Deesdae doen mense anders en die geboutjie het lank leeg en ongebruik gestaan.

Plaaslike inwoner, Mnr Zeelie, het gedink die ongebruikte gebou kan in toilette vir begrafnisgangers omskep word aangesien daar geen fasiliteite by die begrafplaas was nie. Hy het raadslid Louise Hart genader en sy het gedink dit was 'n blink idee. Sy tydsberekening was eintlik perfek want die raadsgebaseerde befondsing het toe sopas beskikbaar geword.

"Hierdie projek is die ideale voorbeeld van hoe die gemeenskap en die munisipaliteit vir die verbetering van ons dorp en sy mense kan saamwerk. Dit was wonderlik om betrokke te wees by 'n oplossing wat prakties, volhoubaar en relevant was," sê Raadslid Hart.

BESIGTIG U MUNISIPALE REKENING OP DIE INTERNET

Die munisipaliteit het die aanlyn rekeningbesigtigingsfasileit opgegradeer sodat belastingbetalers beter toegang tot hul munisipale rekeninge kan hê. Hierdie fasiliteit sal veral groot voordele inhou vir mense wat meer as een eiendom besit of bestuur, aangesien al die rekeninge nou aan een 'login' gekoppel kan word. Om toegang tot die aanlyn-fasiliteit te kan verkry, klik op die 'Account Login' blokkie op die Knysna Munisipaliteit se webtuiste www.knysna.gov.za en klik 'Register' indien u nuut op die sisteem is. Verskaf asseblief u selfoonnommer en identiteitsnommer om te registreer.

MPAC GOED ONDERWEG

Die Knysna Munisipale Publieke Rekeningskomitee (Municipal Public Accounts Committee (MPAC)) het sedert hulle in Februarie deur die Raad aangestel is reeds heelwat vergaderings gehad om die munisipaliteit se eerste Oorsigverslag op te stel.

Die MPAC is in terme van Seksie 79 van die Munisipale Strukturewet aangestel. Dit is 'n verdere skakel in die aanspreeklikheidsproses wat objektiewe politiese oorsig voeg by ander regeringstrukture soos die Portefeuljekomitees, die Burgemeesterskomitee en die Raad. Dit sal ten minste vier keer 'n jaar bymekaar kom en sal die volgende funksies insluit:

- Om die Jaarverslag te oorweeg en te evalueer en voorstelle daaroor te maak,
- Om 'n Oorsigverslag op te stel nadat die Jaarverslag geëvalueer is,
- Om alle bydrae en aanvrae om kommentaar te moniteer en te verseker dat dit korrek onderneem was,
- Om sake wat in die Jaarverslag uitgewys was te hersien, asook voorstelle in vorige Oorsigverslae te hersien om te verseker dat dit aangespreek was,
- Om op die korrekte hantering van onvoorsiene en onvermydelike uitgawes verslag te gee,
- Om op die geskiktheid van aksies ten op sigte van ongoedgekeurde, ongewone of nuttelose uitgawes verslag te lewer,
- Om jaarlikse GOP-hersiening te moniteer,
- Om 'n verskeidenheid verslae en dokumente in terme van wetgewing te oorweeg en op kommentaar te lewer.

Die MPAC ontvang logistieke ondersteuning van die Bestuurder Administrasie.

Die Knysna MPAC word deur Raadslid Stephen de Vries (regs agter) gelei en bestaan uit Raadslid Ray Barrell (links agter) en (voor van links) Raadslede Mertle Gombo, Irene Grootboom en Beauty Tyokolo.